

Wees slaggereed vir God se liefde

Die meisie wat hierdie verhaaltjie vertel, droom. In haar droom sien sy hoe haar begeerte om haar geliefde by haar te hê, 'n werklikheid word. Haar geliefde het baie moeite getrotseer om haar op te soek – sy hare is nat van die dou. Hy deurstaan die donker ure van die nag. En as hy dan klop en na sy beminde roep, gebeur daar iets verskrikliks: Sy maak die deur nie oop nie! Wel, nie dadelik nie. Sy bied allerlei verskonings aan (vs 3). As sy dan mettertyd besef dat sy koms van sy ontsaglike liefde getuig, staan sy tog op en maak oop, maar dan is hy weg! Sy het die oomblik van liefde verpas! Spyt kom mos altyd te laat. Sy druk haar selfverwyt uit met die beeld van die wagte (gewete) wat haar kru behandel as sy op soek is na haar beminde.

Hoeveel maal gebeur presies met ons wat hier vertel word: Die hemelse Bruidegom het na sy bruid gekom. Dit kos Hom al die moeite om deur die donker nag van die stryd teen die bose en die sonde te kom. Hy worstel deur die veragting, lyding en uiteindelik die kruisdood. So kom die opgestane Here om sy bruidskerk met al sy liefde te bedien. “Sy hande drup van die mirre” dui op die hartstoglike liefde wat Hy vir ons het. Hy steek selfs sy hand deur die hortjies van die deur en draai die grendel van binne af oop: Christus doen dit deur met sy Woord en Gees ons harte oop te breek en deur wedergeboorte ons syne te maak.

Maar ons staan nie op nie. Wel, *nie dadelik nie*. Ons is nie gereed vir die koms van hierdie liefdesgebaar nie! Ons het soveel swak verskonings! Ja, as ek daarvoor voel, dan sal ek kerk toe kom. Maar as ek nie lus voel nie, dan ek dink dit is te veel moeite om aan te trek en kerk toe te gaan. En Maandag as jy Hom nodig het, dan gaan jy jou week in sonder die seën van God se liefde in die Woordverkondiging. Kerkbesoek is maar net een voorbeeld. God wil dat jy die deur oopmaak, jy is sy beminde bruid! Jy moet oopmaak deur tuis die Bybel daagliks te lees en te bid. Sy hande drup van die mirre ... dit wil sê sy Woord beskryf sy liefde en beloftes in oorvloed en daarmee wil Hy jou versterk en verseker van sy genade en sorg. Maar as jy dit laat verbygaan, het jy net jouself om te verwyf.

“Kyk Ek staan by die deur en ek klop (sê Jesus aan sy gemeente), en as iemand vir my oopmaak sal ek binnegaan en saam met hom die feesmaal vier en hy saam met my” (Openb 3:20). Wees elke liewe dag gereed om in die liefdesomhelsing met Christus leef, en dit uit te leef teenoor hulle wat jou liefde nodig het.

Sing: Skrifberyming 3-3:1-4

Ds M van Helden (Centurion)